

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSMETODOLOGIE

4.1 INLEIDING

Die belangrikheid en nut van kwalitatiewe navorsing word toenemend erken in die veld van addisionele taalonderrig, aangesien kwantitatiewe navorsing minder effektief is om komplekse, multidimensionele kenmerke van 'n fenomeen te analiseer (Mackey & Gass, 2005:162). Die term kwalitatiewe navorsing word gebruik as 'n sambreelterm vir 'n reeks benaderings tot navorsing in die sosiale wetenskappe. Dit staan ook bekend as hermeneutiek, rekonstruksie of interpretatiewe benaderings en is daarom gebed in die interpretatiewe paradigma waar die klem val op die betekenis wat individue of gemeenskappe heg aan hulle ervarings (Flick, 2009:2). Die interpretasies word gemaak teen die agtergrond van gedeelde betekenis, praktyke en taal (Schwandt, 2007). In hierdie hoofstuk word die onderwysers se seleksie en gebruik van onderrigondersteuningsmateriaal (OOM), onderrigmetodes en onderrigbenaderings ten opsigte van Afrikaans Addisionele Taal (AAT) en die leerders se persepsies rakende hierdie onderrigmetodes en onderrigbenaderings geanaliseer om uit te vind watter betekenis hulle heg aan AAT.

Die kwalitatiewe navorsingsbenadering kan beskryf word as 'n navorsingsmetode wat poog om ryk deskriptiewe data van 'n bepaalde fenomeen of konteks te bekom met die intensie om dit wat bestudeer word, beter te verstaan. Dit fokus daarom op die perspektiewe van individue of groepe en hoe hulle die sosiale en kulturele kontekste waarin hulle leef verstaan en betekenis daaruit konstrueer. Die klem val op kwaliteit en diepte en nie op wydte van inligting soos by kwantitatiewe navorsing nie (Maree, 2009:51). Volgens Mayan (2001:7) is kwalitatiewe navorsing nie die analise van 'n paar oop vrae nie, nie 'n samestelling van feite nie en nie slegs aanhalings of transkripsies van onderhoude nie. Kwalitatiewe navorsing is harde werk aangesien alle data geanaliseer moet word. Daar word ook nie veralgemeen nie (Hall, 2005:200; Maree, 2009:58).

Die doel van hierdie hoofstuk was om die onderstaande navorsingsvrae, wat in hoofstuk 1 geformuleer is, aan te spreek deur die data wat ingesamel is, uiteen te sit, te analiseer en te interpreteer om uiteindelik 'n onderrig-leerraamwerk vir AAT vir onderwysers voor te stel. Die doel was om vas te stel:

- wat 'n analise ten opsigte van die onderwysers se seleksie en gebruik van onderrigondersteuningsmateriaal, onderrigmetodes en -benaderings ten opsigte van AAT sal aantoon;
- wat 'n analise ten opsigte van die leerders se persepsies teenoor die onderrigondersteuningsmateriaal en onderrigmetodes en -benaderings sal aantoon met betrekking tot AAT;

- wat 'n dokument-analise ten opsigte van die onderrigondersteuningsmateriaal, onderrigmetodes en -benaderings by AAT sal aantoon;
- hoe 'n onderrig-leerprogramraamwerk vir AAT vir die Intermediêre en Seniorfase behoort te lyk nadat die resultate van die analise in aanmerking geneem is.

Hierdie navorsingsvrae het gereflekteer wat die navorser wou ondersoek en het die redes vir die ondersoek in berekening geneem (Mayan, 2001:9). Die metodologie wat in hierdie studie gevolg is, is geselekteer om die navorsingsvrae te beantwoord deur data uit 'n verskeidenheid bronne te versamel. Dit het ingesluit primêre versamelde data (byvoorbeeld onderhouddata uit die fokusgroep-onderhoude) en reeds bestaande data (dit is sekondêre data uit die literatuurstudie).

4.2 NAVORSINGSPARADIGMA

Die belangrikheid en nut van kwalitatiewe navorsing word toenemend erken in die veld van addisioneletaalonderrig (Mackey & Gass, 2005:162). Die term kwalitatiewe navorsing word gebruik as 'n sambreelterm vir 'n reeks benaderings tot navorsing in die sosiale wetenskappe. Dit staan ook bekend as hermeneutiek, rekonstruksie of interpretatiewe benaderings en is daarom ingesluit in die interpretatiewe paradigma waar die klem op die betekenis val wat individue of gemeenskappe gee aan hulle ervarings (Flick, 2009:2).

In hierdie studie was die onderwysers se seleksie en gebruik van onderrigondersteuningsmateriaal, onderrigbenaderings en -metodes ten opsigte van AAT asook die leerders se persepsie teenoor hierdie onderrigondersteuningsmateriaal en onderrigprosesse geanaliseer, tesame met relevante dokumente om agter te kom watter betekenis daaraan geheg is. Die interpretivisme respekteer die verskille tussen mense en daarom is individue binne 'n realiteitservaring ondersoek en geïnterpreteer (Potgieter, 2008; Maree, 2009:59).

Die interpretivisme is volgens Potgieter (2008) op die volgende veronderstellings gebaseer:

- Menslike ervaring kan slegs verstaan word van binne.
- Sosiale lewe is 'n menslike produk.
- Die menslike brein is 'n doelgerigte bron van oorsprong van betekenis.
- Menslike gedrag kom tot stand op grond van hulle kennis van die sosiale werklikheid en bestaan nie onafhanklik daarvan nie.

Die belangrikste doel van die interpretivisme is om perspektief te kry op die situasie en om die situasie te analiseer om uiteindelik insig te bekom oor hoe betekenis gevorm word van die situasie of fenomeen waarbinne hulle beweeg (Maree, 2009:60). In teenstelling met die post-positivistiese perspektief word konstruktivisme geassosieer met kwalitatiewe navorsing waar die betekenis wat 'n individu of groep individue rakende die sosiale of menslike probleem vorm, ondersoek word om beter begrip te probeer vind. Kwalitatiewe navorsing betrek vrae en prosedures wat ontstaan en data word gewoonlik in die omgewing van die deelnemers bymekaar gemaak en dit word induktief geanaliseer om temas te genereer wat dan deur die navorser interpreteer word (Creswell, 2009:8).

4.3 NAVORSINGSONTWERP

Binne kwalitatiewe navorsing is die term navorsingsontwerp nie so algemeen as in kwantitatiewe navorsing nie. In kwalitatiewe navorsing word die navorsingsontwerp gesien as 'n reflektiewe proses wat dwarsdeur elke fase van die navorsingsprojek plaasvind (Hammersley & Atkinson, 1995:23). Die navorsingsontwerp beklemtoon 'n balans tussen die literatuurstudie en die empiriese kwalitatiewe navorsingsproses. Die kwalitatiewe navorsingsproses was hoofsaaklik ondersoekend van aard. Dit was eerstens aangewend om die situasie rakende Afrikaans addisionele taal in sekere geselekteerde skole te ondersoek en tweedens induktief aangewend om 'n raamwerk te ontwikkel vir die onderrig van AAT in Suid-Afrika.

Vir hierdie studie is die gevallestudie, een van vyf tradisionele kwalitatiewe ontwerpe (Creswell, 2007) gekies. Gevallestudies is baie suksesvol aangewend deur navorsers binne die veld van addisionele taalonderrig soos blyk uit navorsing van onder meer Ellis (1985), Johnson (1996), Ohta (1995) en Wray (2000). Yin (2003:13) definieer 'n gevallestudie as "*an empirical inquiry that investigates a contemporary phenomenon within its real life context, especially when the boundaries between the phenomenon and the context are not clearly evident*". Hy stel voor dat 'n gevallestudie die beste metode is wanneer die navorser ten doel het om die kontekstuele omstandighede te dek wat sy glo pertinent is vir die fenomeen van die studie.

'n Gevallestudie is 'n diepte-ondersoek oor 'n bepaalde tydperk (Leedy & Ormrod, 2005:135). Dit is die bestudering van die kenmerke en kompleksiteit van 'n bepaalde geval om beter begrip te bewerkstellig rakende die omstandighede en aktiwiteite binne hierdie geval (Stake, 1995:xi, 2005; Merriam, 1998). 'n Geval verwys ook nie noodwendig na 'n persoon nie; dit kan ook 'n groep mense wees, of 'n organisasie of 'n gemeenskap (Flick, 2009:32). In hierdie studie is 'n groep mense, naamlik die leerders en onderwysers van Afrikaans Addisionele Taal as geval gebruik. Wanneer verskillende persone, groepe of verskillende gevallestudies van individue ondersoek word, staan dit bekend as 'n meervoudige gevallestudie (Pearson Casenave, 2010:67).

In hierdie studie is verskillende gevallestudies in die Dr. Kenneth Kaunda-distrik bestudeer volgens Yin (1981) se definisie soos aangehaal uit Birnbaum *et al.* (2005:126): "*as an empirical study that investigates a contemporary phenomenon within its real-life context when the boundaries between phenomenon and context are not clearly evident and when multiple sources of evidence are used*". Gevallestudies impliseer die sistematiese insameling van data rakende die deelnemers om 'n beter begrip te bewerkstellig ten opsigte van funksies en werkinge van die fenomeen by die navorser (Yin, 2004). Dit impliseer dat deur die gebruik van gevallestudie-metodes 'n diepte-begrip bewerkstellig kan word indien die data behoorlik geanaliseer word.

As navorsingstrategie is die doel van 'n gevallestudie nie om te veralgemeen nie, maar om spesifieke fyn besonderhede ten opsigte van die karaktereienskappe, dinamiek en doelstellings van die geval te bekom (Van Lier, 2005). As 'n navorsingstrategie a) hanteer 'n gevallestudie die tegniese onderskeibare situasie waarin daar baie meer veranderlikes van belangstelling is as data, b) vertrou

op meervoudige bronne van bewyse, en c) trek voordeel uit die vooraf-verwerfde teoretiese data om data-insameling en analisering te ondersteun (Yin, 2003). Hierdie meervoudige gevallestudie is tematies en vergelykend benader. Verder is hierdie studie intrinsiek van aard (Stake, 2000) aangesien die doel was om beter begrip te verkry en nie noodwendig ten doel het om by te dra tot die ontwikkeling van 'n teorie nie.

Die geval wat bestudeer word moet verteenwoordigend wees van 'n fenomeen. In hierdie studie is die onderrigondersteuningsmateriaal, onderrigmetodes en onderrigbenaderings wat in die onderrig van Afrikaans Addisionele Taal gebruik word binne geselekteerde skole die **gevalle** wat bestudeer en geanaliseer is binne die **fenomeen** Afrikaans Addisionele Taal. Elke onderwyser van Afrikaans Addisionele Taal is as 'n geval bestudeer omdat hulle nie almal moedertaalsprekers van Afrikaans is nie. Hulle moedertale het gewissel tussen Afrikaans, Engels en Tswana. Die skole is gekies om hierdie verskille in moedertaal van die onderwysers in berekening te bring. By skool 1 is die onderwyser Engelssprekend en onderrig Afrikaans Addisionele Taal aan hoofsaaklik Engelssprekende leerders. Skool 6 se onderwyser is 'n Tswana-moedertaalspreker wat Afrikaans onderrig aan leerders met verskillende Afrikatale as moedertaal. By skole 2, 3, 4 en 5 is die onderwysers Afrikaanse moedertaalsprekers wat Afrikaans Addisionele Taal onderrig aan multitalige moedertaalsprekers. Ses skole is doelbewus gekies om 'n breër perspektief te kon kry rakende die fenomeen. Hierdie skole verteenwoordig sleutelverskille ten opsigte van die agtergrond van die leerders en onderwysers, maar is uniek aangesien dit die werklike situasie reflekteer waarbinne Afrikaans as Addisionele Taal aangebied word. Behalwe dat die leerders en hulle onderwysers as deelnemers betrek is in die observasie van die klasse, is fokusgroep-onderhoude met bereidwillige leerders uit hierdie klasse gevoer. Hierdie data is aangewend om 'n meer volledige prentjie te kry van die inhoud en aard van onderrig deur die onderwysers.

4.4 DEELNEMERS EN STEEKPROEF

Die Intermediêre Fase en Seniorfase is gekies vir die navorsing, aangesien "*hierdie fases leerders geleentheid moet bied om meer gevorderde kennis, begrip en vaardighede te verwerf, te ontwikkel en toe te pas. Breedte, diepte, toegang en aanspraak is veral belangrik om te verseker dat leerders 'n gesonde grondslag ontvang waarby hulle sal baat wanneer hulle in die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase keuses moet maak*" (SA, 2003: 37). Verder word gestel dat leerders se vaardighede in luister, praat, lees, dink en grammatika aan die einde van graad 9 op 'n hoë vlak moet wees (SA, 2003: 38). Leerprogramme binne die NKV word ontwikkel binne 'n fase aangesien daar opeenvolgende konseptuele progressie binne die leerarea van graad tot graad moet wees (Du Plessis *et al.*, 2007:62), en daarom is leerders en onderwysers binne die genoemde twee fases as deelnemers gebruik. Die aantal leerders wat geobserveer is, was 650. Die onderwysers wat deelgeneem het aan die fokusgroep-onderhoude was oorspronklik 19, maar drie onderwysers was later nie bereid om geobserveer te word nie. Hierdie drie deelnemers was wel bereid om deel te neem aan die fokusgroep-onderhoude. Die leerders wat aan die fokusgroep-onderhoude deelgeneem het, was 180. Die navorser het fokusgroep-onderhoude met tien bereidwillige leerders per graad in elke skool gevoer.

“Qualitative inquiry depends on samples selected purposefully” (Mayan, 2001:9). Maxwell (2005:89) lys ten minste vier doelstellings met doelgerigte steekproewe, naamlik om ’n verteenwoordiging te kry van individue of ’n studiegebied, om heterogeniteit in die populasie te bewerkstellig, om doelbewus gevalle te kies wat kritiek is vir die studie en om spesifieke vergelykings te kan tref, veral by meervoudige gevallestudies. ’n Doelgerigte steekproef is gedoen by skole in die Dr. Kenneth Kaunda-distrik vir die Intermediêre Fase (Graad 4, 5 en 6) en die Seniorfase (graad 7, 8 en 9) waar Afrikaans as Addisionele Taal (AAT) aangebied word. Volgens Maxwell (2005:88) en Mayan (2001:9) word die deelnemers doelbewus gekies om die beste inligting te verskaf oor die spesifieke fenomeen wat ondersoek word en maak die identifisering van die data ’n wye verskeidenheid van perspektiewe moontlik, hoewel die data wat op hierdie manier ingesamel word, nie verteenwoordigend is van die hele populasie nie. Die leerders van AAT in graad 4 tot 9 is gebruik as deelnemers, asook die onderwysers van AAT wat hierdie leerders onderrig. Hierdie grade vorm die Intermediêre en Seniorfase. Die klasse is heterogeen en bestaan uit verskillende etniese groepe. Volgens Mackey en Gass (2005:180) kan die betroubaarheid en geldigheid van kwalitatiewe data versterk word indien data binne soveel as moontlik kontekste en situasies ingesamel word om ’n digte beskrywing deur middel van hierdie verskillende perspektiewe te bekom. Om die steekproef meer betroubaar en geldig te maak, het die navorser die leerders in drie groepe verdeel in elke fase. Groep 1.1, 2.1 en 3.1 in die Intermediêre Fase en 1.2, 2.2 en 3.2 in die Seniorfase. Die skole is ingedeel volgens kwintiele (*quintiles*).

Die navorser het as primêre instrument vir die data-insameling opgetree en besonderhede opgeteken rakende die omgewing wat die fenomeen omring, die sosiale omgewing, die fisiese omgewing en ander faktore. Dit het die navorser in staat gestel om sekere afleidings te kon maak oor in watter mate die bevindinge vergelyk kan word met ander situasies (Leedy & Ormrod, 2005:136). Die navorser was bewus van haar eie opinies rakende AAT wat tot stand gekom het uit haar eie ervaring as onderwyser wat onder meer self Afrikaans Moedertaal, Afrikaans Addisionele Taal en Tswana onderrig het en ook saam met onderwysers en vakadviseurs gewerk het. Die navorser het daarom doelbewus probeer om haar eie vooropgestelde idees opsy te skuif en slegs op die data te fokus. Die vrae wat gestel is, is verwoord om subjektiwiteit te vermy. Die deelnemers is versoek om op hulle response uit te brei en hulle ervarings te deel.

4.5 DATA-INSAMELINGSPROSEDURE

’n Navorser wat besluit op ’n gevallestudie, moet oor die volgende kenmerke beskik:

- In staat wees om goeie vrae te kan vrae.
- ’n Goeie luisteraar wees.
- Kan aanpas en buigbaar wees.
- Goeie kennis dra van die fenomeen wat bestudeer word.
- Nie rigiede en vooropgestelde idees hê nie.

4.5.1 GEVALLESTUDIE-PROTOKOL

Binne 'n gevallestudie word gebruik gemaak van 'n protokol. Die protokol bevat die instrument en moet ook die prosedures en algemene reëls wat gevolg gaan word gedurende die studie insluit. Die protokol is ononderhandelbaar by veral meervoudige gevallestudies (Yin, 2009:79). Die protokol verbeter die betroubaarheid van die studie en dien as 'n padkaart waarvolgens die navorser die data moet insamel. By 'n gevallestudie geld drie beginsels:

- Meervoudige metodes moet aangewend word om data in te samel. Die data word ingewin deur middel van onderhoude, observasie en dokumente soos onderrigmateriaal. Hierdie data word dan getrianguleer om die studie meer betroubaar en geldig te maak sodat die probleme van konstruktigheid uitgeskakel kan word (Yin, 2009:116). Triangulasie verminder die gevaar dat die gevolgtrekkings slegs die sistematiese vooroordeel of beperkings van 'n spesifieke bron of metode bevat en laat 'n wyer en akkurater begrip van die fenomeen wat ondersoek word toe (Maxwell, 2005:93).
- Skep 'n databasis vir die gevallestudie. Dit impliseer dat die rou data op een of ander manier fisies beskikbaar moet wees vir belanghebbendes om betroubaarheid te kan bewys. Die onderhoude in hierdie studie sal almal op skrif getranskribeer word. Rekord word baie volledig gehou van die rou data en sluit ook inligting in van die fisiese omgewing en sosio-ekonomiese faktore.
- Behou 'n reeks bewyse om die betroubaarheid van die studie te verbeter. Die data, resultate en interpretasies moet dus ooreenstem en nagegaan kan word.

4.5.2 DATA-INSAMELINGSBRONNE

Die data is deur 'n verskeidenheid bronne ingesamel, naamlik observasie, fokusgroep-onderhoude, veldnotas wat die navorser neergepen het, informele gesprekvoering en dokumente (byvoorbeeld die Nasionale Kurrikulumverklaring en onderrigmateriaal). Die data is reeds tydens die insamelingsproses begin transkribeer om enige nuwe aspekte wat voorkom in aanmerking te neem by die daaropvolgende stappe in die data-insamelingsproses.

4.5.2.1 VERBALE DATA

Verbale data vorm die grootste gedeelte van gevallestudies. Om meer volledige data in te samel en meer betroubare analyses te kan maak, is verbale data ingesamel deur semi-gestruktureerde fokusgroep-onderhoude (Bailey, 2007:95).

- a) Die navorser het gebruik gemaak van 'n **onderhoudskedule**, met ander woorde 'n reeks vasgestelde vrae wat die deelnemers moet beantwoord. Hierdie vrae gee data rakende biografiese inligting soos ouderdom, taalgebruik, graad en feitevrae. Feitevrae is vrae waarop slegs "ja"- of "nee"-response gelewer kan word. Navorsing het gewys dat hierdie vrae makliker is om te kodeer (Williams, 2003; Hawkins & Coney, 1981; Poe *et al.*, 1988).

- b) Semi-gestruktureerde fokusgroep-onderhoude** is meer buigbaar met spesifieke vrae wat opgestel word volgens bepaalde onderwerpe, maar hierdie vrae hoef nie in 'n spesifieke volgorde gevra te word nie. Die navorser mag wel deelneem aan die dialoog by semi-gestruktureerde fokusgroep-onderhoude. (Bailey, 2007:101). Fokusgroep-onderhoude is ingesluit aangesien dit: “*produce data that would be otherwise difficult to access via individual interviews or observation*” sowel as om “*lots of data on a particular area of interest within a relatively short period of time [as well as] learn not only about participants’ attitudes and opinions but also about their experiences and perspectives*” (Mayan, 2001:17, 18). Die navorser het die onderwysers in fokusgroepe verdeel waartydens die onderwysers op vrae moes antwoord binne ongeveer 'n twee uur lange tydperk (Drew *et al.*, 2008:173; Leedy & Ormrod, 2005:153). By sommige skole is daar egter minder tyd toegestaan, aangesien die onderwysers by ander aktiwiteite betrokke was. Fokusgroepe bestaan uit deelnemers wat bymekaarkom om vrae interaktief te beantwoord binne die dinamika van 'n groep (Drew *et al.*, 2008:173). Fokusgroepe bied geleentheid vir die identifisering van verskillende nuwe onderwerpe (Williams, 2003:17).
- c)** Die fokusgroep-onderhoude het bestaan uit **oop vrae** waarop die deelnemers (beide die onderwysers en die leerders wat betrokke was by die fokusgroep-onderhoude) moes reageer. Oop vrae sluit items in waar die deelnemers hulle eie mening kan gee (Dörnyei, 2003:37). Alhoewel Dörnyei (2003:15) meld dat oop vrae nie genoegsame ryk en digte data verskaf nie, kan die bykomende persoonlike inligting wel waardevol wees in die uiteindelijke analise van die data aangesien dit aspekte kan identifiseer wat nie voorsien is nie en daar meer moontlikhede kan wees as wat in gegewe kategorieë aangebied kan word, byvoorbeeld die spesifieke onderrigondersteuningsmateriaal wat geselekteer is (Cohen *et al.*, 2007:330; Dörnyei, 2003:37). Maree (2009:161) meld dat oop vrae eerlike antwoorde toelaat en by 'n tematiese analise interessante inligting, kategorieë en subkategorieë kan bewerkstellig. Die kwalitatiewe data is met behulp van die rekenaarprogram NVivo (sien 4.8) gekodeer en geanaliseer.
- d)** Die navorser het gebruik gemaak van 'n stel semi-gestruktureerde temas (sien Bylae I & J) waarop die deelnemers (beide die onderwysers en die leerders) hulle kommentaar moes gee en opinies lug. Die deelnemers was vry om enige area van belang ten opsigte van die navorsingsonderwerp te bespreek vanuit hulle veld van ervaring en kennis. Die semi-gestruktureerde temas het gehelp om die gesprek vol te hou en verdere besprekings te stimuleer.

Onderhoude is met die onderwysers in fokusgroepe gevoer in tye wat hulle gepas het. Die onderhoude het ongeveer 45 minute tot een uur geduur, afhangende van die aantal onderwysers wat deelgeneem het en is deur die navorser self gevoer en op band geneem. Semi-gestruktureerde fokusgroep-onderhoude, waar 'n lys van moontlike gidsvrae gebruik is, asook oop vrae wat ontwikkel het soos wat die gesprek verloop het om die deelnemers uit te

lok om hulle menings en interpretasies te verskaf, is gebruik (Marshall & Rossman, 2006:101). Aantekeninge is ook gemaak van terloopse gesprekvoering waar bykomende inligting oor die fenomeen verskaf is.

'n Totaal van vyf (n=5) fokusgroep-onderhoude is met die onderwysers gevoer en opgeneem op kassette met behulp van 'n bandopnemer. Hierdie kassette is getranskribeer vir analise doeleindes deur gebruik te maak van rekenaarondersteunde kwalitatiewe data-analise sagteware, NVivo 8 (sien bespreking by 4.8). Die onderhoude is gevoer totdat 'n versadigingspunt bereik is. Dataversadiging word bereik wanneer die kategorie-ontwikkeling 'n digte beskrywing bied (in variasie en proses) en wanneer die verband tussen die kategorieë goed vasgelê is en geldig is (Mayan, 2001:10).

Semi-gestruktureerde fokusgroep-onderhoude is ook tydens pouses met vrywillige leerders gevoer. 'n Totaal van 18 (n=18) fokusgroep-onderhoude is met 10 vrywillige leerders uit elke graad by die onderskeie skole gevoer tydens pouses. Hierdie fokusgroep-onderhoude was ongeveer 30 minute lank. Hierdie onderhoude is ook op band opgeneem en getranskribeer deur die rekenaarondersteunde sagteware-program NVivo 8.

Voor elke fokusgroep-onderhoud is 'n protokol gevolg. Dit het die volgende ingesluit:

- 'n Bekendstelling aan die navorsingsonderwerp.
- Bekendstelling aan die onderhoudvoerder (navorser).
- Verduideliking van die prosedure tydens die onderhoud.
- Navorsingsvrae wat ondersoek word.
- Uitnodiging om aan die gesprek deel te neem en die navorser uit te vra.
- Versekering van konfidensialiteit.

e) Informele kort gesprekvoerings tussen die navorser en die onderwysers is ook noukeurig aangedui, aangesien dit addisionele inligting wat belangrik was in die verstaan van die groter fenomeen bevat het (Leedy & Ormrod, 2005:157). Seidman (2006:7) noem in hierdie verband: "*Individual's consciousness gives access to the most complicated social and educational issues, because social and educational issues are abstractions based on the concrete experiences of people*". Dikwels is belangrike inligting tydens klaswisseling verskaf wat andersins verlore sou raak. Hierdie inligting is bygevoeg by die toepaslike kategorieë.

4.5.2.2 OBSERVASIE

Observasie en veldnotas is uitgevoer om as kontrole te dien vir die ander data wat ingesamel is en die betroubaarheid en geldigheid van die studie te versterk. Observasie is as meetinstrument gebruik om die resultate van die fokusgroep-onderhoude te kontroleer en het in die natuurlike omgewing plaasgevind. "*Classroom studies are one example of observation, often found in education, in which the researcher documents and describes actions and interactions. [...] Observation is a fundamental and highly important method in all qualitative inquiry*" (Marshall & Rossman, 2006:98-99).

“Observation can be used to access information that is otherwise unavailable...the researcher gains awareness through personal experience by getting to know the people involved, possibly doing what they do, and observing it all” (Mayan, 2001:12). Die onderwysers en hulle keuse en aanwending van onderrigmetodes en onderrigondersteuningsmateriaal is geobserveer. Observasie binne die klassituasie is deur middel van gedetailleerde beskrywende aantekeninge gedoen. Die doel van die observasie was om data wat ingesamel is deur middel van die onderhoude te vergelyk met die observasie-inligting en te kyk of dit ooreenstem.

Die observasie is op 'n vorm gedoen volgens Colt se observasieskema (sien Bylaag K) wat aangepas is deur Spada en Frölich (1995:196). Die navorser het dit weer aangepas vir haar navorsingsdoeleindes. Dit ondersoek die kommunikatiewe oriëntasie van taalonderrig waar gekyk word na die aktiwiteite, deelname, inhoud en onderrigmateriaal. Die observasie is gedoen deur die navorser by die skole soos vooraf gereël. Die navorser het net observeer en nie deelgeneem aan die klasaktiwiteite nie (Maree, 2009:85). Die observasie is gedoen deur middel van anekdotiese aantekeninge, met ander woorde kort sleutelwoorde, lopende aantekeninge oor die klassituasie, byvoorbeeld atmosfeer, interaksie, reaksie (Maree, 2009:85), asook gestruktureerde waarneming wat stelselmatig deur kontrolelyste en veldnotas gedoen is sodat dit na die tyd ondersoek kon word vir herhalende patrone wat voorkom en sodat dit repliseerbaar kan wees (Maree, 2009: 83; Huysamen, 1993:133). Hierdie patrone is geanaliseer en beskryf.

Veldnotas waarin so volledig en akkuraat as moontlik aantekeninge gemaak is van alles wat geobserveer is by die navorsingspersele, is ingesluit (Mouton, 2008: 108; Mayan, 2001:13). Die doel hiervan was om die natuurlike omgewing van die deelnemers te dokumenteer en te beskryf. Veldnotas het ook die navorser se gevoelens, idees, momente van verwarring en interpretasies van wat geobserveer word gereflekteer. Veldnotas bied geleentheid om denke te verhelder en die volgende stap in die observasieproses te beplan (Mayan, 2001:13). Veldnotas is noodsaaklik in die navorsingsproses, want daarsonder kan die data verlore gaan en kan daar nie voortgegaan word met die analiseringsproses nie (Mayan, 2001:13). Die veldnotas is doelgerigte georganiseerde strategieë met kommentaar waarin alle moontlike gebeure aangeteken word, asook moontlike vrae wat in die onderhoude gebruik kan word. Veldnotas is tydens of so gou as moontlik na observasie aangeteken (Mayan, 2001:13). 'n Seleksie is vooraf gemaak van die aspekte wat waargeneem moes word, byvoorbeeld onderrigondersteuningsmateriaal, onderrigmetodes en onderrigbenaderings. Hierdie aspekte is weer verder in subkategorieë gedeel. Die kontrolelyste het ook voorsiening gemaak vir die kodering van die aspekte of subkategorieë (Huysamen, 1993:135).

4.5.2.3 DOKUMENT-ANALISE

Onderrigondersteuningsmateriaal, veral tekste en handboeke, asook departementele dokumente is geanaliseer vir leemtes, bepaalde temas en leesbaarheid. Afskrifte van toepaslike dokumente is by die onderwysers ingesamel.

4.6 DATA-ANALISE

4.6.1 ANALISE VAN DIE KWALITATIEWE DATA

Vir hierdie navorsing is 'n meervoudige gevallestudie gebruik "(to) understand complex social phenomena. In brief, the case study method allows investigators to retain the holistic and meaningful characteristics of real-life events – such as individual life cycles, organization and managerial processes, neighbourhood change, international relations, and maturation of industries (Yin, 2003:2). Stake (1995:3-4) noem hierdie meervoudige gevallestudie 'n kollektiewe gevallestudie, waar verskeie gevalle bestudeer word om 'n kollektiewe begrip rakende 'n saak tot stand te bring.

Die kwalitatiewe navorsing vereis volhoubare en progressiewe sortering van baie en 'n wye verskeidenheid data om antwoorde te probeer vind op die navorsingsvrae (Hahn, 2008:5). Volgens Flick (2009:ix) is die intensie van kwalitatiewe navorsing om 'n bepaalde fenomeen te verstaan, te beskryf en te probeer verklaar deur die ervarings, interaksies en gesprekvoering van individue of groepe asook relevante dokumente te analiseer.

Die insameling van die data en die analise daarvan het gesamentlik plaasgevind om te kon reflekteer, soos aanbeveel deur Gibbs (2009:3). Deur middel van die fokusgroep-onderhoude, informele gesprekvoering en observasies het die navorser die lewe van hierdie deelnemers betree soos hulle dit daagliks beleef binne die skoolsituasie en is probeer om hulle gevoelens en ervarings te verwoord. Die onderhoude en observasies is getranskribeer en het tesame met die navorser se veldnotas die data verskaf wat geanaliseer is om antwoorde te kry en te verstaan hoe die huidige situasie in die onderrig van AAT daar uitsien. "*It is very hard for analysts to eliminate completely all prior frameworks. Inevitably qualitative analysis is guided and framed by pre-existing ideas and concepts*" (Gibbs, 2009:5). Met hierdie waarskuwing van Gibbs in gedagte, het die navorser die ingesamelde data gekontroleer en vergelyk met teoretiese literatuur om te sien of dit korreleer.

4.6.2 ONDERHOUDSKEDULE: BIOGRAFIESE INLIGTING

In hierdie studie is gebruik gemaak van 'n **onderhoudskedule** (Sien Bylaag) met ander woorde 'n reeks vasgestelde vrae wat die respondente moet beantwoord. Hierdie vrae het data gegee rakende biografiese inligting soos ouderdom, taalgebruik, graad en feitevrae. Feitevrae is vrae waarop slegs "ja"- of "nee"-response gelewer kan word. Dit is aangewend by die onderwysers sowel as die leerders. Die grafiese voorstellings van hierdie resultate word in Hoofstuk 5 (Figure 5.1 en 5.2) aangedui. Die vrae het die volgende ingesluit:

- Geslag
- Ouderdom
- Huistaal
- Ander tale magtig
- Hoogste kwalifikasie
- Onderwyservaring

4.6.3 FOKUSGROEP-ONDERHOUDE

In hierdie studie is gebruik gemaak van semi-gestruktureerde fokusgroep-onderhoude waar spesifieke vrae opgestel is volgens bepaalde onderwerpe. Fokusgroepe bestaan uit deelnemers wat bymekaarkom om vrae interaktief te beantwoord binne die dinamika van 'n groep (Drew *et al.*, 2008:174). Fokusgroepe bied geleentheid vir die identifisering van verskillende nuwe onderwerpe (Williams, 2003:17). Die fokusgroep-onderhoude het bestaan uit **semi-gestruktureerde** vrae en **oop vrae** waarop die respondente moes reageer. Oop vrae het items ingesluit waar die respondente hulle eie mening kon gee (Dörnyei, 2003:47).

Die oop vrae tydens die fokusgroep-onderhoude is deur middel van inhoudsanalise verwerk: “*Sometimes content analysis is used when working with narratives such as [...] qualitative responses to open-ended questions on surveys, interviews and focus groups*” (Maree, 2009:101). Inhoudsanalise is 'n induktiewe en iteratiewe proses waarin gesoek word vir ooreenkomste en verskille wat die teoretiese stelling bevestig of verwerp, byvoorbeeld of die onderwysers leer materiaal gebruik wat die doel van die lesinhoud effektief oordra en die belangstelling van die leerders prikkel (Maree, 2009:101). Die inhoudsanalise is gedoen om patrone, temas of sydighe te identifiseer.

By die analisering van die fokusgroep-data is Morgan (1997:60) se voorbeeld gevolg. Hy het aangetoon dat die deelnemer en die groep as twee vlakke van analise beskou kan word. Die navorser het die volgende bepaal:

- Die graad wat die deelnemers hulle opinies gesensor of bevestig het.
- Of 'n idee 'n tema is van die hele groep of net van een.
- Of 'n idee spontaan opgeduik het en of dit 'n respons was op 'n vraag.
- Of 'n idee beskou word as beide belangrik of interessant of slegs een daarvan (Mayan, 2001:22).

Volgens Mullock (2006:51) kan verbale verslagprosedures nie gebruik word om 'n akkurate weergawe te bied van hoe onderwysers onderrig verstaan nie. Dit word gebruik om die fenomeen beter te verstaan ten opsigte van onderwysers se professionele oortuiging, kennis, houding, teorie en voorveronderstellings in hulle werk as addisionele taalonderwyser. Dit bied insig in die prosesse en denke wat plaasvind tydens die onderrigproses. Verbale verslagprosedures maak dit moontlik vir deelnemers om hulle gedagtes te sensor en slegs weer te gee wat hulle dink die navorser wil hoor. Ten spyte van hierdie gevaar meen Mullock (2006:51) dat: “*verbal report procedure remain one of the very few means we have of gaining insight into teachers' thought processes*”. Daar is nie net kritiek teen die interne geldigheid van verbale verslagprosesse nie, maar ook teen die eksterne geldigheid daarvan aangesien die navorsing wat gerig is op verbale verslaggewing uitgebreid en tydwendend is en die populasie baie klein is. Omdat die bevindinge van hierdie studie konteks-afhanklik en onderwyser-spesifiek is, kon daar nie veralgemeen word nie en was dit nie die doel van hierdie studie nie. Die doel van hierdie studie was slegs om intensiewe waarneming te doen oor die onderrigsituasie van

Afrikaans Addisionele Taal binne bepaalde gevalle waarin probleme uitgelig kon word om in Hoofstuk 6 in die onderrig-leerprogramraamwerk hanteer te kon word.

Hierdie gevalle is “*intact*” gedoen met die onderwysers wat normaalweg die vak aanbied en verder was die klasse op verskillende vlakke (Graad 4, 5, 6, 7, 8 en 9) binne die twee fases (intermediêr en senior). Die navorser het die deelnemers ondersoek sonder om die inhoud van die lesse aan te pas of op enige wyse beheer uit te oefen. Die lesse is op band geneem en die navorser het aantekeninge gemaak en geobserveer. Gass en Mackey (2007) het voorgestel dat betroubaarheid merkwaardig verbeter indien die tydperk tussen die waarneming en die verslaggewing so kort as moontlik is en ’n volledige protokol ontwikkel word. Verdere betroubaarheid en geldigheid word afgelei uit die vergelyking van onderwysers se menings met mekaar en met dié van die leerders. In hierdie studie het die onderwysers handboeke gebruik wat voorgeskryf word deur die Onderwysdepartement en onderrigmateriaal wat hulle self geskep of aangepas het. In hierdie studie het die onderwysers ook kommentaar gelewer op die kurrikulum, klaskamerfasiliteite (byvoorbeeld gebreekte vensters, klasgrootte en die effek daarvan op klasatmosfeer en dissipline).

4.6.4 INFORMELE KORT GESPREKVOERING

Informele kort gesprekvoering tussen die navorser en die onderwysers is noukeurig aangeteken en geanaliseer vir addisionele inligting wat belangrik kon wees in die verstaan van die groter fenomeen (Leedy & Ormrod, 2005: 157).

4.6.5 OBSERVASIE

Observasie is gebruik om die resultate van die fokusgroep-onderhoude te kontroleer en is gedoen in die natuurlike omgewing. Die onderwysers en hulle keuse en aanwending van onderrigmetodes en onderrigondersteuningsmateriaal is geobserveer en so noukeurig as moontlik aangeteken. Dit is deur middel van gedetailleerde beskrywende aantekeninge gedoen. Die doel van die observasie was om data wat ingesamel is deur middel van die fokusgroep-onderhoude en informele gesprekvoering te vergelyk met die observasie-inligting en te kyk of dit ooreenstem.

4.6.6 VELDNOTAS

Veldnotas waarin so volledig en akkuraat as moontlik aantekeninge gemaak is van alles wat geobserveer is by die navorsingspersele, is aangeteken. Die veldnotas het die navorser se gevoelens, idees, momente van verwarring en interpretasies van wat geobserveer is, gereflekteer. Veldnotas het geleentheid gebied om denke te verhelder en gehelp om die volgende stap in die observasieproses te beplan (Mayan, 2001:13). Veldnotas was noodsaaklik in die navorsingsproses, aangesien data kon verlore gaan en dan sou daar nie kon voortgegaan word met die analiseringsproses nie (Mayan, 2001:14).

4.6.7 DOKUMENT-ANALISE

Dokument-analise: Onderrigondersteuningsmateriaal, veral tekste en handboeke, asook departementele dokumente, soos die kurrikulum, is geanaliseer vir leemtes, bepaalde temas en leesbaarheid.

Die dokumente is geanaliseer volgens latente inhoudsanalise waar patrone geïdentifiseer, gekodeer en gekategoriseer is. Die navorser het na spesifieke betekenis van sinne binne die konteks van die data gesoek, byvoorbeeld hoekom 'n bepaalde teks nie geskik sou wees nie. “*This type of content analysis is used in qualitative inquiry [and] has greater validity than manifest analysis because the former allows for the coding of the intent of the participant, not just the words*” (Mayan, 2001:22).

4.6.8 INHOUDSANALISE

Kwalitatiewe data is deur inhoudsanalise geanaliseer. Inhoudsanalise word verdeel in twee verskillende tipes, naamlik **manifesterend** en **latent**. In **manifesterende analise** word gesoek vir spesifieke woorde en idees wat gekombineer word en gebruik word om statistiek te genereer oor die inhoud van die data (Mayan, 2001:21). Volgens Mayan (2001:21) is hierdie kombinerings baie betroubaar, mits die konteks van die woorde in berekening gebring word.

4.6.8.1 MANIFESTERENDE INHOUDSANALISE

In **manifesterende analise** is gesoek vir spesifieke woorde en idees wat gekombineer is en gebruik is om statistieke te genereer oor die inhoud van die data (Mayan, 2001:21). Volgens Mayan (2001:21) is hierdie kombinerings baie betroubaar, mits die konteks van die woorde in berekening gebring word. Die manifesterende inhoudsanalise soek na spesifieke woorde of idees om statistieke te kan vorm, byvoorbeeld die aantal kere wat die deelnemers **probleme** in die onderrig van AAT noem. Hierdie aantal kan gebruik word om kenmerke van bepaalde probleme uit te lig. In kwalitatiewe navorsing moet egter rekening gehou word met die konteks waarin die woorde gebruik word.

4.6.8.2 LATENTE INHOUDSANALISE

Latente inhoudsanalise is 'n proses van identifisering, kodering en kategorisering van primêre patrone in die data. Die betekenis van spesifieke sinne binne die konteks van die data is ondersoek om bepaalde kategorieë vas te stel. In hierdie studie was dit duidelik dat die meeste deelnemers nie presies seker is hoe om AAT te onderrig nie. Daar is verskillende definisies gegee vir sekere sleutelkonsepte soos die verskil tussen *moedertaal* en *addisionele taal*, *onderrigmetodes* en *onderrigondersteuningsmateriaal*. Met al drie hierdie sleutelkonsepte, is dit duidelik dat daar nie eenvormigheid is ten opsigte van die definisies nie. Hierdie verwarring het 'n bepalende invloed op die onderrig van AAT. Latente analise het meer geldigheid as manifesterende analise, aangesien latente analise grasie toelaat vir die eintlike bedoeling van die deelnemer en nie net fokus op die woorde nie (Mayan, 2001:22).

In die inhoudsanalise van die fokusgroep-onderhoude is in aanmerking geneem dat die groep die proses ingewikkelder maak as blote semi-gestruktureerde onderhoude. Die navorser het die volgende in ag geneem:

- Die graad waarvolgens die deelnemers hulle deelname gesensor of saamgestem het ten opsigte van die groep
- Of 'n probleem 'n tema by die hele groep of net een of twee van die groep is
- Of 'n probleem slegs in een groep voorkom of by almal
- Of 'n probleem spontaan voorkom of in reaksie op 'n vraag
- Of 'n probleem as beide belangrik en interessant gesien word, of slegs een van die twee.

Die dokumente is geanaliseer volgens die **latente inhoudsanalise** waar patrone geïdentifiseer, gekodeer en gekategoriseer is. Die navorser het gesoek na spesifieke betekenis van sinne binne die konteks van die data, byvoorbeeld hoekom 'n bepaalde teks nie geskik sou wees nie. "*This type of content analysis is used in qualitative inquiry [and] has greater validity than manifest analysis because the former allows for the coding of the intent of the participant, not just the words,*" (Mayan, 2001:22).

4.6.9 KWALITATIEWE KODERING

Die digte beskrywing is saamgestel en ontleed deur die data in drie komponente te deel:

- Spesifieke beskrywing: verteenwoordigende voorbeelde.
- Algemene beskrywing: inligting rakende patrone of ooreenstemmende temas.
- Interpretatiewe kommentaar: 'n verduideliking van die fenomeen en die interpretasie van betekenis van die resultate ten opsigte van vorige navorsing.

Die data is gekodeer na aanleiding van die response. Elke geval se data is afsonderlik geberg in lêers en op afsonderlike kassette opgeneem. Die navorser het met die harde kopieë van die data gewerk omdat dit vir die navorser makliker was, veral aangesien die navorser telkens weer geluister het na die bandopnames om seker te maak dat sy al die inligting korrek bygevoeg het om 'n geheelbeeld te kry, en die harde kopieë was makliker om te gebruik met die vergelykende analise later. **Kodering** is 'n proses waar die data intensief deurgelees word en dan in betekenisvolle analitiese eenhede gedeel word, met ander woorde kodering word aangewend om 'n groot aantal data in kleiner segmente op te deel (Bailey, 2007:127). Hierdie segmente word dan gekodeer met behulp van simbole, beskrywende woorde of identifiserende name. Al die ooreenstemmende segmente is onder een kode gegroepeer. Hierna word die kodes geïnterpreteer en daarna word die kodes gelees in terme van dieper realiteite wat tot stand kom (Maree, 2009:105-106; Creswell & Plano-Clark, 2007:132). Hierdie manier van kodering verskil van kwantitatiewe kodering waar gebruik gemaak word van vooropgestelde kategorieë rakende die eksplisiete, nie-teenstrydige reëls met die primêre doel om frekwensietellings vas te stel binne elke kategorie. In kwalitatiewe navorsing is die doel van kodering nie om items te "tel" nie, maar om dit op te breek (*fracture*) (Strauss, 1987:29) en dit dan te herorganiseer in kategorieë wat vergelykend aangewend kan word tussen items in dieselfde kategorie en wat

uiteindelik lei tot die ontwikkeling van teoretiese konsepte (Maxwell, 2005:96). In hierdie studie is die inisiële kodering gedoen met behulp van die Nvivo 8-program. Al die data is getranskribeer in 'n Word-program-dokument waarna dit oorgedra is op Nvivo waar die navorser die data gekodeer het. Hierdie proses is herhaaldelik gedoen om kodes en data rond te skuif terwyl dit gekontroleer en vergelyk is met veldnotas en die ander aantekeninge.

Nadat die kodering plaasgevind het, het die navorser die data ondersoek vir die samestelling van temas of **kategorieë**. Dit het inductief en iteratief plaasgevind, met ander woorde die data is deurgegaan vir temas of sake wat meer as eenkeer voorkom. Hierdie temas vorm dan kategorieë (Maxwell, 2005:97). Die kategorieë is in tabelle geplaas en aantekeninge is weer eens deurgegaan en bygevoeg. Die navorser het verbale kommentaar van die onderwysers en leerders bygevoeg om haar te help met die patrone en om die data beter te visualiseer. Elke geval is op hierdie manier hanteer.

Met die hulp van die NVivo-sagteware (sien volledige bespreking by gedeelte 4.8) is die meeste data van die observasies en onderhoude vir beide die leerders en die onderwysers in die eerste fase gekodeer en getranskribeer. Die data wat op band geneem is, is getranskribeer en saamgevat soos aangetoon in Bylaag A tot F. Hiervandaan is die data gelees om patrone raak te sien en temas te identifiseer. Byvoegings of uitbreidings is gemaak ten opsigte van die temas deur die rou data weer en weer te raadpleeg. Elke geval is eers afsonderlik **tematies geanaliseer** in drie fases, naamlik a) oop kodering, b) gefokusde kodering (aksiale kodering), en c) selektiewe kodering. Daarna is 'n **vergelykende analise** gedoen deur een vir een geval saam te voeg om met die vorige te vergelyk om uiteindelik ook kruisverwysings tussen die verskillende gevalle te kon maak. Die temas is rondgeskommel en georganiseer. Triangulasie is gesoek tussen die meervoudige databronne (observasie, veldnotas en fokusgroep-onderhoude, asook dokumente). Observasies was as hoofbron gebruik terwyl die fokusgroep-onderhoude gebruik is om die data wat geobserveer is in die klaskamers te ondersteun en uit te daag. Dokumente is ook gebruik om data van beide die observasies en die fokusgroep-onderhoude te ondersteun of te bevraagteken.

Data-analise in kwalitatiewe navorsing behels 'n voortdurende proses van insameling – analise – insameling totdat genoegsame data ingesamel is om die gapings wat gedurende die proses ontstaan in te vul en 'n versadigingspunt bereik is. Hierdie sirkelproses was nie van toepassing op die fokusgroep-onderhoude nie, aangesien die antwoorde van die onderhoudsvrae gelyktydig ontleed en vergelyk is. Elke vraag het as 'n kategorie gedien (Mayan, 2001:21).

Vervolgens sal die tematiese analise en die vergelykende analise bespreek word.

4.7 TEMATIESE ANALISERING

Tematiese analisering begin met die kodering van data. Tematiese analisering werk baie effektief om temas te identifiseer wat direk betrekking het op die navorsingsvrae (Bailey, 2007:155).

4.7.1 FASE 1 - OOP KODERING (*initial coding*)

Dit is die proses waartydens die massa teksdata in meer beheerbare segmente verdeel word deur sekere temas saam te groepeer om vir verdere analise te gebruik (Hahn, 2008:6; Bailey, 2007:152). Groot hoeveelhede van rou materiaal word rangskik en gemerk/geëtiketteer volgens herhalende patrone, onderwerpe, uitgangspunte, emosies, konsepte, gebeure en so meer. Temas mag ook oorvleuel (Bailey, 2007:155). Nie alle inligting is gekodeer nie. Slegs dié inligting wat bydrae tot die navorsingsvrae om die bepaalde fenomeen beter te verstaan en wat bruikbaar is, is gekodeer (Bailey, 2007:128). Oop kodering is afsonderlik by elke gevallestudie gedoen en daarna is elke gevallestudie weer hersien om herhalende temas vas te stel. Die datakoderingsproses in hierdie fase was iteratief.

Gibbs (2007:44-45) onderskei tussen twee soorte kodering, naamlik konsepgedrewe kodering en datagedrewe kodering. Konsepgedrewe kodering verwys na die kodering wat vanuit die navorsingsliteratuur, onderwerpe tydens die onderhoude en ander bronne verkry word. 'n Aantal voorafgekose temas word gelys en toegepas op die data. Nuwe idees of temas moet egter ook bygevoeg word (Gibbs, 2007:45). Datagedrewe kodering is die teenoorgestelde van konsepgedrewe kodering en beteken dat daar geen lys van kodes beskikbaar is wanneer die koderingsproses begin nie. Datagedrewe kodering staan bekend as oop kodering. Volgens Gibbs (2007:46) kan beide die genoemde soorte aangewend word en in hierdie studie is die twee soorte wel gekombineer aangesien hierdie studie binne die konteks van 'n duidelike teoretiese raamwerk gefundeer is. Met oop kodering is die data bestudeer deur vergelykings te tref en antwoorde op vrae te probeer vind (Gibbs, 2009:50). Oop koderingsvrae sluit in wie, wat, waar, hoe, hoeveel, hoekom. Dit probeer uitvind watter teoretiese fundering agter die teks lê. Konstante vergelyking (Gibbs, 2009:50) poog om uitstaande kenmerke vas te stel. Dit word gedoen omdat 'n mens dikwels so bekend is met dinge dat unieke eienskappe nie raakgesien word nie. Dit is gedoen deur sekere woorde of frases te kies wat uitgesonder word en dan moontlike betekenis daaraan te heg.

Twee en twintig temas is deduktief gekonstrueer gedurende hierdie eerste fase van analise en verteenwoordig die primêre inligting van die ondersoek. Data wat ingesamel is deur middel van fokusgroep-onderhoude, observasie en veldnotas, informele gesprekvoering en dokumente is gekodeer en onder elke tema gestoor sodat dit verder verwerk kon word gedurende die tweede (aksiale) fase.

Die twee en twintig temas sluit in: agtergrond, belangstelling, onderrigmateriaal, onderrigmetodes, vlakke van leerders, kurrikulum, inhoud van handboeke, probleme wat leerders ondervind, kommunikatiewe benadering, waarvan hou leerders nie in AAT nie, taalspeletjies, invoer, leerderaktiwiteite, nieverbale kommunikasie, werkslading, observasies, rol van onderwyser en leerders, gunsteling tydverdryf, onderwerpe, handboeke. Die inligting rakende hierdie eerste fase is in Bylaag A tot F beskikbaar.

4.7.2 FASE 2 - SELEKTIEWE (aksiale) kodering

Gedurende hierdie tweede fase is die data wat in die eerste fase gekodeer is, weer gesif en verminder om net werklik relevante en essensiële data te behou. Die kodes van fase 1 identifiseer data wat betrekking het op die navorsingsvrae en word in fase 2 verfyn en in groter kategorieë wat die onderskeie kodes saambind, byvoorbeeld negatiewe punte van AAT by die onderwysers en die leerders, wat saamgegroepeer word onder negatiewe aspekte, gevoeg. Bailey (2007:129) noem in hierdie verband: “*Your goal in focused coding involves moving from a fairly literal code (zipper) into a more conceptual one (closure items). Focused coding also involves hunting for specific targets*”. Eers nadat al die individuele gevalle gekodeer en weer gekodeer is, is oorgegaan na kruiskodering tussen die verskillende gevalle om verskille en ooreenkomste uit te lig (Bailey, 2007:155). Kruiskodering (*cross-case-comparison*) word gedoen om die geldigheid van die resultate te versterk (Lichtman, 2006:113-114). Hierdie kruiskodering vereis gefokusde aandag en is gedoen deur eers twee gevalle met mekaar te vergelyk waarna die volgende geval weer gekodeer is en dan vergelyk is met die eerste twee. Hierdie proses is herhaal totdat al die gevalle voltooi is (Bailey, 2007:155).

Kodering kan verbeter word deur die rou materiaal van die veldnotas en transkripsies op te gradeer na 'n vlak waar insig tot stand kom ten opsigte van die situasie. Hierdie vlak betrek ook aansluiting by die vorige navorsing op hierdie gebied of onderwerp, asook teoretiese konsepte by hierdie studie se bevindinge.

Die aksiale kodering (sien Bylaag G) het uitgeloop op die samestelling van 7 tema-kategorieë:

- agtergrond;
- kurrikulum;
- onderrig (metodes, leerderaktiwiteit);
- onderrigmateriaal;
- inhoud;
- taalkomponente (lees, skryf, praat, luister, asook grammatika, spelling en woordeskat); en
- interaktiewe kommunikasie.

4.7.3 FASE 3 – SELEKTIEWE KODERING

Gedurende hierdie derde fase is in diepte gefokus op die data wat oorgebly het in fase 2. Hierdie fase het ingesluit die opweeg van die resultate van die vorige fases om nuwe veranderinge aan te bring waar nodig en om die vorige data rond te skuif. Die data is in hierdie fase verbind met die navorsingsvrae en het die basis gevorm waarop die onderrig-leerraamwerk as die sentrale tematiese kategorie saamgestel is in Hoofstuk 6. Hierdie fase was die finale fase waartydens geheue 'n rol speel en deelnemers se eie idees verbatim bygevoeg is. Die verslag bevat groot gedeeltes van hierdie fase se inligting.

Data-analise in kwalitatiewe navorsing is 'n sistematiese patroon van data → insameling → analyse → insameling → analyse. Die data word ingesamel en dan geanaliseer, dan word nog data ingesamel

om die gaping te probeer vul en weer geanaliseer totdat 'n versadigingspunt bereik word (Mayan, 2001:21). Die kwalitatiewe data is geanaliseer vir gemeenskaplike temas in die beskrywing van die fenomeen. Die navorser het die volgende stappe gevolg wat tiperend is van 'n gevallestudie (Creswell, 1999):

- Identifisering van stellings wat direk verband hou met die onderwerp van die studie, die organisering van die data in chronologiese volgorde.
- Groepopmerkings word gekategoriseer wat die verskillende aspekte van die fenomeen reflekteer en verskillende perspektiewe oor die temas word uitgelig.
- Interpretasie van enkele situasies, byvoorbeeld sekere dokumente of data-eenhede word geanaliseer vir betekenis ten opsigte van die fenomeen.
- Identifisering van sekere patrone wat die kenmerke van die gevallestudie uitlig.
- Die navorser sal die verskillende menings wat geïdentifiseer is, oorweeg om 'n oorkoepelende beskrywing te formuleer van hoe die onderwysers AAT ervaar ten opsigte van onderrigmetodes en onderrigmateriaal.

Die semi-gestruktureerde vrae was spesifieke vrae. Elke vraag se antwoorde is gelyktydig geanaliseer en elke vraag is as 'n kategorie gebruik (Mayan, 2001:21). Analisering van die data het reeds begin terwyl die data-insamelingsproses uitgevoer is. Die data is ook geanaliseer om ooreenstemming te kry vir triangulasie.

Vanaf 'n digte beskrywing probeer die navorser 'n verduideliking gee van die fenomeen wat ondersoek is. Dit vind op twee maniere plaas, naamlik induktief en deduktief. Induksie is die skep en regverdiging van 'n algemene verduideliking gebaseer op spesifieke, maar verwante omstandighede. Herhaalde observasies wat ooreenstem word gebruik om 'n algemene afleiding te maak. Deduksie is die teenoorgestelde van induksie. 'n Situasië word verduidelik deur deduktief te kyk na 'n algemene argument oor gebeurtenisse (Gibbs, 2009: 4-5).

4.8 REKENAARONDERSTEUNDE KWALITATIEWE DATA-ANALISE

Hierdie kwalitatiewe studie het die hulp van rekenaarondersteunde sagteware vereis aangesien die data wat hoofsaaklik ingesamel is deur middel van onderhoude en observasies, te veel was om gemaklik mee te kon werk. Die data moes na 'n meer werkbare formaat gereduseer word. In teenstelling met kwantitatiewe data-analise, is daar nie 'n goedontwikkelde stel beginsels wat gevolg kan word by kwalitatiewe data-analise nie (Gibbs, 2002: xix). As gevolg van die kompleksiteit van die navorsingsvrae, het die navorser besluit om die rekenaarondersteunde sagteware, wat bekend staan as CAQDAS (*computer-assisted qualitative data analysis software*) te gebruik om die taak te vergemaklik.

Die kwalitatiewe data analise bestaan hoofsaaklik uit die inhoudsanalise van al die ingesamelde data gedurende die navorsingsperiode. Die inhoud van relevante literatuur en die getikte transkripsies van die bandopnames is geanaliseer deur dit te kodeer, te kategoriseer en temas en data te integreer deur gebruik te maak van NVivo 8. Die navorser het besluit om die navorsingsriglyne van Gibbs

(2002:166) te volg deur gebruik te maak van kwalitatiewe data-analise om die data te ondersoek met behulp van NVivo 8. Die eerste fase van die data-analise was om al data in die rekenaar te voer en binne temas (*nodes*) te groepeer. (In die taal van NVivo 8 word die term *node* gebruik om 'n bepaalde groepering van data te beskryf of te benoem). Hierdie *nodes* is dieselfde as die temas wat die navorser gebruik het tydens Fase 1 se oopkodering. Die navorser het die data ontleed vir uitstaande temas van inligting wat dan saam gegroepeer is deur middel van vergelykings en vraagstelling. Die navorser het gepoog om die temas rondom die groter fenomeen te rangskik en nie bloot 'n beskrywing van die teks te verskaf nie. Gedurende hierdie fase het die navorser reël vir reël deur die teks gewerk terwyl sy terselfdertyd na die ooreenstemmende kassette geluister het om foute wat kon insluip te korrigeer en moontlike nuwe idees te bekom.

Nadat die oopkoderingsfase afgehandel is, is daar 21 temas in NVivo geïdentifiseer wat aangewend is in die tweede fase (aksiale fase) van analisering. Nvivo 8 is slegs vir die eerste fase aangewend, aangesien die data nou verminder is tot 'n werkbare aantal.

Oopkodering is uitgevoer deur die tekste reflektief te lees om relevante temas te kon identifiseer. Die data van hierdie studie is gekodeer en die oorspronklike temas (*nodes*) is ontwikkel in kategorieë deur gebruik te maak van NVivo 8. Die navorser het NVivo 8 in hierdie studie aangewend om die analiseproses te vergemaklik deur die data wat op verskillende wyses ingesamel is, in een dokument saam te voeg voordat begin is met die kodering. Daarna kon die navorser die data dokumenteer en groepeer deur die temas (*nodes*) rond te skuif, die temas te kombineer, verdeel en nuwe temas tot stand kon bring soos wat die analise gevorder het.

Gibbs (2002:170) beskryf vyf tegnieke wat in die vroeë stadium van analise aangewend kan word wanneer probleme oor koderingsbesluite ondervind word. Vir hierdie studie is drie van die tegnieke gebruik:

Die **analise van woorde**, frases of sinne. Kies 'n woord of frase wat uitstaan. Lys dan alle moontlike betekenis. Bestudeer die teks weer en behou slegs dit wat verband hou met die navorsing. Kyk vir nuwe betekenis wat na vore gekom het. (Hierdie tegniek is baie gebruik by die data van die onderhoude en die observasiedata wat op kasset geneem is).

Die **flip-flop-tegniek**. Hiervolgens word die nuwe dimensies vergelyk wat nie vroeër in berekening gebring is nie. Hierdie tegniek is toegepas nadat die koderingsproses voltooi is en die navorser weer deur die data (veral die observasie) gegaan het.

Sistematiese vergelyking is gedoen deur te vra: "Wat as..." om nog moontlikhede vas te stel om die fenomeen beter te verstaan. Die data van die verskillende groepe is ook vergelyk om vas te stel waar daar ooreenkomste of verskille is, byvoorbeeld ten opsigte van onderrigtemas en onderrigmetodes by die onderwysers. Daar is ook gekyk na die leerders se ervaring van die onderrig en hulle behoeftes en dit is weer vergelyk met dié van die onderwysers.

4.9 BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID

Intensiewe betrokkenheid: Deelnemende observasie verskaf meer volledige data rakende spesifieke situasies en gebeure as enige ander metode. Dit verskaf ook meer en meer verskillende tipes data wat verder ook meer gefokus is en minder afhanklik is van afleidings. In hierdie studie het die deelnemers spontaan deelgeneem en daar was 'n groot mate van openheid tussen die deelnemers en die navorser.

Digte en ryk data: Intensiewe onderhoude en betrokkenheid het die navorser in staat gestel om gedetailleerde data in te samel om 'n volledige prentjie te vorm van die fenomeen. Baie digte aantekeninge, transkripsies en bandopnames van onderhoude en observasies het veroorsaak dat afleidings en vooroordeel grootliks uitgeskakel kon word (Maxwell, 2005: 110).

Diskrepanse en negatiewe gevalle: die identifisering en analise van diskrepanse en negatiewe gevalle is 'n sleutelgedeelte van kwalitatiewe navorsing. Items wat nie verduidelik kon word nie, het belangrike defekte en leemtes uitgelig wat in berekening gebring is en verslag oor gelewer sal word in Hoofstuk 5 sodat lesers dit self kan evalueer en beoordeel (Maxwell, 2005:112).

Triangulasie: die insameling van data deur verskillende metodes te gebruik. In hierdie studie is gebruik gemaak van semi-gestruktureerde fokusgroep-onderhoude, observasie, informele gesprekke en veldnotas.

Vergelyking: Hierdie kwalitatiewe studie het vergelykings getref tussen die verskillende meervoudige gevalle deur middel van vergelykende analise, nadat die tematiese analise afgehandel is. Hierdie data is verder vergelyk met data uit die literatuur om te kyk of dit ooreenstem of verskil.

4.10 ETIEK

Die empiriese data is met die toestemming van die Noordwes-Universiteit se Etiekkomitee (Etieknommer: NWU-00071-10-A2) uitgevoer. Die navorser het deurgaans 'n etiese protokol gevolg deur vooraf 'n besoek aan die skole te bring, nadat toestemming van die Noordwes-Onderwysdepartement verkry is, om:

- Die navorsingsprobleem aan die hoofde van die deelnemende skole te verduidelik en hulle gerus te stel dat die naam van die skool en die deelnemers anoniem sal bly.
- Reëlins te tref vir die afneem van die onderhoude, observasies en insameling van onderrigmateriaal en dokumente.
- Die nodige toestemmingsbriewe aan die ouers en aan die hoof te verskaf en die leerders en onderwysers in te lig (Sien Bylaag L,M en N).

4.10.1 KONFIDENSIALITEIT

Die navorser het dwarsdeur die insamelingsproses van die data die protokol gehandhaaf, veral ten opsigte van die fokusgroep-onderhoude. Die deelnemers is ingelig dat daar bandopnames gemaak

sou word om later getranskribeer te word vir die analiseringsproses. Die navorser het onderneem om geen deelnemer of skool se identiteit bekend te maak nie. Sodoende is konfidensialiteit gewaarborg.

Die navorser het in die navorsingsverslag bloot verwys na Skool A, B, C, D, E en F. Die verwysing na die onderwysers is volgens nommers. Die leerders is op dieselfde numeriese wyse hanteer.

4.11 SAMEVATTING

In Hoofstuk 3 is 'n teoretiese basis gelê vir onderrigbenaderings, onderrigmetodes en onderrigstrategieë. Hoofstuk 4 bespreek die navorsingsmetodologie vir die empiriese deel van hierdie studie en 'n beskrywing word gegee van die metodes wat aangewend is om data te versamel om vas te stel wat die huidige stand van sake is ten opsigte van onderrigbenaderings, onderrigmetodes en onderrigmateriaal in die onderrig van Afrikaans Addisionele Taal. In Hoofstuk 5 sal verslag gelewer word oor die navorsingsresultate.